

12 Februarie

Skrifgedeelte: Galasiërs 2

Fokusgedeelte: Galasiërs 2:19b, 20

Dis nie meer ek wat lewe nie ...

Dis nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe ... Is dit 'n ideaal (droom) wat ek ook eendag wil bereik, of is dit reeds 'n werklikheid?

Die agtergrond van hierdie woorde van Paulus is 'n ewe eienaardige stelling. Hy sê: "Ek is saam met Christus gekruisig ..." Maar is dit nie 'n verskriklike ding om te sê nie? As Jesus Christus daar aan die kruis op Golgota hang, dan is dit ook Paulus wat daar hang. Kan dit waar wees? Ons weet van twee moordenaars wat saam met Jesus gekruisig is, maar Paulus?!

Alléén Christus kan die sondaar red ... Christus aan die kruis! Só 'n lewende werklikheid word dit vir hom dat hy nou sê: "Ek is saam met Christus gekruisig ..."

Paulus sien Christus as sy Verlosser, onder die donderwolke van God se straf en oordeel, en dan dring dit tot hom deur: dit is eintlik ek wat daar moes gehang het – ek en elke sondaar, óók elkeen van ons! Daar moes óns hang, met ons verdorwenheid, met al ons slegte begeertes, met ons selfsug, ons liefdeloosheid, en ons sondige eie-ek!

Aan die kruis op Golgota het iets geweldigs gebeur: Daar het 'n heerlike omruiling plaasgevind! Want daar het Christus al my sonde op Hom geneem! Hy, die Sondelose, het God se straf en oordeel in my plek gedra!

En nou ... nou is ons vrygespreek van God se ewige straf – nie omdat ons die wet onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo!

Sing: Psalm 100:1, 4

Ds. WJ Botha (Bloemfontein-Noord)